Verwysing: 20190530-5299
Lêernommer: 12/19/2
Navrae: Distriksdirekteure

Omsendbrief: 0038/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Om alle prinsipale, beheerliggame en skoolgebaseerde belanghebbendes onder die vaandel van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in te lig oor die prosedures van toepassing wanneer alkoholiese drank op skoolpersele gebring en/of tydens skoolaktiwiteite verkoop of verbruik word.*

Onderwerp: Verkoop en verbruik van alkoholiese drank op skoolpersele of by skoolaktiwiteite asook die teenwoordigheid van leerders wanneer alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit verbruik of verkoop word

1. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 004/2019, gedateer 09 Februarie 2019.

2. Die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2018 (Wet 4 van 2018), gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* Nr. 8010 van 29 November 2018, is deur die Premier onder artikel 29 van die Wet geproklameer.

3. Sedert die proklamasie van die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2018 (Wet 4 van 2018), het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) navrae ontvang van skole en die publiek oor die verkoop en verbruik van alkoholiese drank op skoolpersele en by skoolaktiwiteite asook die teenwoordigheid van leerders wanneer alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit verbruik of verkoop word.

4. Die Hoof van die Departement het, ingevolge artikel 45B(11) van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), die *Riglyne van die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die Verbruik of Verkoop van Alkoholiese Drank op*

Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit en die Teenwoordigheid van Leerders wanneer Alkoholiese Drank op Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit Verbruik of Verkoop word, uitgereik.

5. Die doel van hierdie omsendbrief is om leiding te gee aan prinsipale en beheerliggame oor hoe om hulle verantwoordelikhede in die verband na te kom.

6. Die prinsipaal of beheerliggaam is verplig om te verseker dat die verkoop of verbruik van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit streng bestuur en gemonitor word.

7. Prinsipale en beheerliggame moet hulself vergewis van die inhoud van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), en enige ander toepaslike wetgewing, regulasies of verordeninge wat verband hou met die gebruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit.

8. 'n Afskrif van die *Riglyne van die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die Verbruik of Verkoop van Alkoholiese Drank op Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit en die Teenwoordigheid van Leerders wanneer Alkoholiese Drank op Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit Verbruik of Verkoop word,* 'n jaarlikse aansoekvorm om aansoek te doen vir die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit, en 'n afskrif van die proses om by die Wes-Kaapse Drankowerheid aansoek te doen om 'n dranklisensie vir 'n geleentheid, is hierby aangeheg.

9. Indien daar enige verdere navrae oor hierdie saak is, kontak gerus u betrokke distrikskantoor.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-10-11

RIGLYNE VAN DIE WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT OOR DIE VERBRUIK OF VERKOOP VAN ALKOHOLIESE DRANK OP SKOOLPERSELE OF BY 'N SKOOLAKTIWITEIT EN DIE TEENWOORDIGHEID VAN LEERDERS WANNEER ALKOHOLIESE DRANK OP SKOOLPERSELE OF BY 'N SKOOLAKTIWITEIT VERBRUIK OF VERKOOP WORD

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2000 Faks.: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

Inhoud

1. Woordomskrywings
2. Inleiding
3. Wetsraamwerk
4. Omvang
5. Doel
6. Aansoek om goedkeuring
7. Aansoekprosedures
8. Faktore wat deur die Hoof van die Departement oorweeg moet word
9. Besluit van die Hoof van die Departement
10. Duur van die geldigheid van die goedkeuring
11. Die verantwoordelikhede van 'n beheerliggaam en prinsipaal wat betref verbruik of verkoop van alkoholiese drank
12. Aansoek om 'n dranklisensie vir 'n geleentheid
13. Veiligheid by funksies
14. Teenwoordigheid van leerders tydens verbruik of verkoop van alkoholiese drank en verwante aangeleenthede
15. Verbruiksure of verkoop van alkoholiese drank
16. Beperkings
17. Opbrengs van verbruik of verkoop van alkoholiese drank

Bylaes

Bylae A: Jaarlikse aansoekvorm om goedkeuring vir toelating van die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit en die teenwoordigheid van leerders wanneer alkoholiese drank verbruik of verkoop word op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit

Bylae B: Die proses om by die Wes-Kaapse Drankowerheid aansoek te doen om 'n dranklisensie vir 'n geleentheid

1. Woordomskrywings

1.1 In hierdie riglyne het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, die betekenis wat daaraan geheg is en, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

"die Wet" die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997);

"dranklisensie vir 'n geleentheid" 'n lisensie toegestaan vir 'n geleentheid ingevolge die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008);

"Dranklisensiëringstribunaal" die dranklisensiëringstribunaal waarna in artikel 15 van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) verwys word; en

"personeelfunksie" 'n sosiale, ontspannings-, kulturele of amptelike byeenkoms van die werknemers van die skool.

2. Inleiding

2.1 Artikel 45B(1) van die Wet bepaal dat "*Ondanks die verbod op alkoholiese drank op skoolpersele of gedurende enige skoolaktiwiteit beoog in artikel 45A(1) kan die Departementshoof, by skriftelike aansoek, 'n beheerliggaam of, in die geval van 'n personeelfunksie, 'n prinsipaal van 'n openbare skool magtig om die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op die skoolperseel of by 'n skoolaktiwiteit of skoolaktiwiteite wat op die skoolperseel gehou word, toe te laa*t."

2.2 Die Wet maak dit moontlik vir 'n beheerliggaam van 'n openbare skool om die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele (ingeslote by 'n skoolaktiwiteit) vir fondsinsamelingdoeleindes toe te laat, sodat die hulpbronne wat deur die staat voorsien word, aangevul kan word om die gehalte van onderwys wat aan alle leerders by die skool deur die skool gelewer word, te verbeter.

2.3 Artikel 45B(11) van die Wet bepaal voorts dat die Hoof van die Departement—

"*(a) kan aan skole riglyne ooreenkomstig hierdie artikel uitreik vir die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op 'n skoolperseel of by 'n skoolaktiwiteit; en*

(b) moet aan skole riglyne ooreenkomstig hierdie artikel uitreik rakende die teenwoordigheid van leerders wanneer alkoholiese drank op 'n skoolperseel of by 'n skoolaktiwiteit verbruik of verkoop word."

2.4 Hierdie dokument bepaal riglyne aan skole vir die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit en in die teenwoordigheid van leerders wanneer alkoholiese drank op skoolpersele verbruik of verkoop word (ingeslote by 'n skoolaktiwiteit), soos beoog in artikel 45B(11) van die Wet.

2.5 Artikel 45A(1A) bepaal dat die verbod op alkoholiese drank op skoolpersele en by skoolaktiwiteite nie van toepassing is op die wetlike verbruik van alkoholiese drank by 'n skoolaktiwiteit wat buite die skoolperseel gehou word deur 'n persoon wat nie 'n leerder is nie.

3. Wetsraamwerk

3.1 Die wetsraamwerk van hierdie riglyne is:

3.1.1 Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997).

3.1.2 Die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008).

3.1.3 Munisipale verordeninge oor die gebruik van alkoholiese drank op skoolpersele.

4. Omvang

Hierdie riglyne geld vir alle openbare skole in die Wes-Kaap.

5. Doel

5.1 Die doel van hierdie riglyne is om—

5.1.1 Voorsiening te maak vir die prosedures wat gevolg moet word deur die beheerliggaam of die prinsipaal van 'n openbare skool wanneer daar aansoek gedoen word om goedkeuring van die Hoof van die Departement vir die toelating van die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele (ingeslote by 'n skoolaktiwiteit wat op die skoolperseel gehou word).

5.1.2 Voorsiening te maak vir die teenwoordigheid van leerders wanneer alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit verbruik of verkoop word.

5.1.3 Te verseker dat reëlings getref is vir veiligheidsmaatreëls tydens die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit.

5.1.4 Voorsiening te maak vir aangeleenthede wat gepaardgaan met die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit.

6. Aansoek om goedkeuring

6.1 In die geval van 'n personeelfunksie, moet die prinsipaal by die Hoof van die Departement aansoek doen om goedkeuring vir die toelating van die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit.

6.2 In alle ander omstandighede moet die beheerliggaam by die Hoof van die Departement aansoek doen om goedkeuring vir die toelating van die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit.

6.3 Die aansoek, soos beoog in die paragrawe hierbo, moet altyd skriftelik geskied en deur die prinsipaal vir personeelfunksies onderteken word, en deur die voorsitter van die beheerliggaam in alle ander gevalle.

7. Aansoekprosedures

7.1 'n Aansoek om goedkeuring vir die toelating van die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit moet aan die Hoof van die Departement gerig word deur die distriksdirekteur van die toepaslike distrikskantoor op die aansoekvorm wat hierby as Bylae A aangeheg is.

7.2 Die aansoekvorm moet volledig ingevul word deur die beheerliggaam of die prinsipaal, wat ook al die geval mag wees, en aanbeveel word deur die distriksdirekteur van die toepaslike distrik vir goedkeuring deur die Hoof van die Departement.

7.3 Die aansoek sal ten minste van die beheerligaam of betrokke prinsipaal verlang—

7.3.1 om voldoende besonderhede te verskaf sodat die Hoof van die Departement 'n ingeligte besluit kan maak;

7.3.2 om die beraamde datums van en die tipes personeel- en skoolfunksies of ander aktiwiteite te spesifiseer;

7.3.3 om aan te dui dat reëlings getref is of getref gaan word om veiligheid by die skoolfunksie of ander aktiwiteit te verseker; en

7.3.4 om aan te dui of leerders by die skoolaktiwiteit teenwoordig gaan wees, en die maatreëls wat beplan word om te verhoed dat die leerders aan die verbruik of verkoop van alkoholiese drank blootgestel word.

8. Faktore wat deur die Hoof van die Departement oorweeg moet word

8.1 In sy oorweging of goedkeuring gegee moet word, soos beoog in paragraaf 6 van hierdie riglyne, moet die Hoof van die Departement die volgende na behore in ag neem:

8.1.1 Die beleide van die Wes-Kaapse Regering oor hoe om die skade wat alkohol aanrig, te verminder.

8.1.2 Die godsdiensingesteldheid van die skool en die gemeenskap.

8.1.3 Die motivering vir die aansoek.

8.1.4 Of die goedkeuring tot voordeel van die skool sal wees.

8.1.5 Veiligheidsmaatreëls wat deur die skool aanvaar is.

8.1.6 Enige ander faktore wat die Hoof van die Departement toepaslik mag ag om tot 'n paslike besluit te kom.

9. Besluit van die Hoof van die Departement

9.1 Die Hoof van die Departement mag goedkeuring waarvoor aansoek gedoen is deur die beheerliggaam of prinsipaal, soos beoog in paragraaf 6, weier of verleen, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Hoof van die Departement mag oplê.

9.2 Die besluit van die Hoof van die Departement moet altyd skriftelik aan die beheerliggaam of die prinsipaal en die distriksdirekteur, wat ookal die geval mag wees, oorgedra word.

9.3 Indien die Hoof van die Departement besluit om 'n aansoek om goedkeuring, soos beoog in paragraaf 6, te weier, moet die Hoof van die Departement die applikant van die redes vir sy of haar besluit voorsien.

9.4 Indien die beheerliggaam of prinsipaal, wat ookal die geval mag wees, verontreg

voel oor die besluit van die Hoof van die Departement, mag die beheerliggaam of prinsipaal, wat ookal die geval mag wees, binne 14 dae van die ontvangs van die besluit van die Hoof van die Departement, appèl aanteken by die Provinsiale Minister.

10. Duur van die geldigheid van die goedkeuring

10.1 Tensy die goedkeuring deur die Hoof van die Departement verleen, beperk is tot 'n geleenthede of geleenthede of tot 'n bepaalde tydsraamwerk deur die voorwaardes wat met die goedkeuring opgelê is, sal die goedkeuring vir een bepaalde akademiese jaar geldig bly.

10.2 'n Skool moet jaarliks aansoek doen en die toepaslike geleenthede of skoolaktiwiteite aandui.

10.3 Aansoeke waarin alle beplande skoolaktiwiteite en geleenthede waar alkoholiese drank verbruik en verkoop sal word, aangewys word, moet die kantoor van die distriksdirekteur nie later as 31 Oktober van die voorafgaande jaar waarin die beplande aktiwiteite en geleenthede sal plaasvind, bereik.

10.4 Hierdie beplande aktiwiteite en geleenthede moet bekend gemaak word wanneer die beheerliggaam die begroting vir oorweging en goedkeuring voorberei.

11. Die verantwoordelikhede van 'n beheerliggaam en prinsipaal wat betref verbruik of verkoop van alkoholiese drank

11.1 'n Beheerliggaam of 'n prinsipaal mag voorwaardes oplê wat nodig geag word oor die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolgeleentheid, met dien verstande dat hierdie voorwaardes nie mag bots met voorwaardes wat opgelê is deur die Hoof van die Departement of ingevolge die dranklisensie vir 'n geleentheid wat deur die Wes-Kaapse Dranklisensiëringstribunaal opgelê is.

11.2 Indien 'n beheerliggaam of 'n prinsipaal goedkeuring kry vir die toelating van die verbruik of verkoop van alkoholiese drank, mag die beheerliggaam of prinsipaal, wat ookal die geval mag wees, nie enige skoolpersoneellid dwing om aan die funksie deel te neem nie as laasgenoemde onwillig is om deel te neem as gevolg van godsdienstige, kulturele of ander redes.

11.3 Die beheerliggaam of prinsipaal moet seker maak dat die verbruik of verkoop van

alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit beheer en gemonitor word.

11.4 Die beheerliggaam of prinsipaal moet hulself vergewis van die inhoud van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), en enige ander toepaslike wetgewing, regulasies of munisipale verordeninge oor die verbruik of verkoop van alkoholiese drank.

11.5 Die beheerliggaam of prinsipaal moet alle skoolaktiwiteite of personeelfunksies waar alkoholiese drank verbruik of verkoop word in 'n register vir moniteringsdoeleindes aanteken.

12. Aansoek om 'n dranklisensie vir 'n geleentheid

12.1 In die geval waar die bedoeling is om alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit te verbruik, maar nie te verkoop nie, is geen dranklisesnsie vir 'n geleentheid nodig nie.

12.2 In die geval waar die bedoeling is om alkoholiese drank op skoolpersele te verkoop vir verbruik daarvan op skoolpersele of weg daarvan, moet 'n dranklisensie vir 'n geleentheid, soos uiteengesit in Bylae B, van die Wes-Kaapse Drankraad verkry word. 'n Aansoek om 'n dranklisensie vir 'n geleentheid moet vergesel word van die goedkeuringsbrief van die Hoof van die Departement (Bylae A) saam met 'n brief van die prinsipaal of die voorsitter van die beheerliggaam, wat ookal die geval mag wees, waarin aangedui word dat toestemming gegee is vir die personeelfunksie of betrokke skoolaktiwiteit.

12.3 Die voorwaardes opgelê ingevolge die dranklisensie vir 'n geleentheid is bykomend by enige voorwaardes wat deur die Hoof van die Departement, beheerliggaam of die prinsipaal opgelê is in die geval van 'n personeelfunksie.

13. Veiligheid by funksies

13.1 'n Beheerliggaam of 'n prinsipaal wat toestemming gekry het vir toelating tot die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit moet seker maak dat daar voldoende persone by die funksie is wat verantwoordelik is vir die veiligheid en welsyn van persone wat die skoolfunksie bywoon.

13.2 Die persone beoog in bogenoemde paragraaf mag nie alkoholiese drank op die dag van die skoolaktiwiteit gebruik en terwyl hulle aan diens by die skoolaktiwiteit is

nie.

13.3 Die persone moet genoeg ondersteuning kry en opgelei word om die probleme en risiko's wat met die verbruik van alkoholiese drank verband hou, te hanteer.

13.4 Alkoholiese drank moet nie aan 'n dronk persoon, wat tekens van dronkenskap toon, of op wanordelike wyse optree, verkoop word nie.

13.5 'n Beheerliggaam of 'n prinsipaal van 'n skool mag taxidienste of kontakbesonderhede van sodanige dienste vertoon sodat klante reëlings kan tref om veilig tuis te kom.

13.6 'n Beheerliggaam of 'n prinsipaal van 'n skool mag dit oorweeg om sekuriteitswagte te huur om veiligheidsverwante kwessies te hanteer, of die polisie se teenwoordigheid te versoek, afhangende van die omstandighede van die funksie.

14. Teenwoordigheid van leerders tydens verbruik of verkoop van alkoholiese drank en verwante aangeleenthede

14.1 'n Beheerliggaam of 'n prinsipaal, wat ookal die geval mag wees, moet seker maak dat 'n gebied waar alkoholiese drank verbruik of verkoop word, 'n beperkte gebied vir leerders is en dat die leerders verbied word om sodanige gebied te betree tensy hulle vergesel word van 'n ouer of volwasse persoon wat deur die ouer genomineer is. Toegang tot beperkte gebiede moet gemonitor word deur 'n volwasse persoon wat nie alkohol mag gebruik op die dag van die skoolaktiwiteit en terwyl daar diens by die skoolaktiwiteit gedoen word nie.

14.2 'n Beheerliggaam of 'n prinsipaal van 'n skool moet seker maak dat 'n beperkte gebied aangedui word deur 'n kennisgewing te plaas by die ingang van die beperkte gebied met die woorde "**BEPERKTE GEBIED – GEEN LEERDERS WORD TOEGELAAT NIE TENSY VERGESEL VAN 'N OUER OF VOLWASSE PERSOON WAT DEUR DIE OUER GENOMINEER IS**" in vetgedrukte, hoofletters wat ten minste 5 cm hoog is en in swart letters wat nie meer as 0.5 cm breed is nie.

14.3 Geen leerder mag onder enige omstandighede ingaan by enige kamer of plek waar alkoholiese drank oor 'n toonbank verkoop word en waar maaltye nie bedien word aan restourantgangers by tafels in dieselfde kamer of plek nie, en enige sodanige gebied moet aangedui word deur 'n kennisgewing wat by die ingang van die beperkte gebied geplaas word met die woorde "**BEPERKTE GEBIED – GEEN**

LEERDERS MAG BINNEGAAN NIE" in vetgedrukte, hoofletters wat ten minste 5 cm hoog is en in swart letters wat nie meer as 0.5 cm breed is nie.

14.4 Alkoholiese drank mag onder geen omstandighede aan 'n leerder verkoop word nie.

14.5 Die skool mag nie 'n leerder toelaat om alkoholiese drank te verbruik nie.

14.6 Die skool mag nie toelaat of vra dat 'n leerder by 'n skoolaktiwiteit help om alkoholiese drank te verkoop, bewaar, verpak of vervoer nie.

14.7 'n Uitsondering word toegelaat, soos in artikel 45A(1) van die Wet beoog, waar die "prinsipaal om wettige opvoedkundige redes" 'n leerder toestemming mag gee om 'n skoolaktiwiteit waar alkoholiese drank verbruik of verkoop word, by te woon.

15. Verbruiksure of verkoop van alkoholiese drank

15.1 Die verbruik of verkoop van alkoholiese drank by 'n skoolaktiwiteit of personeelfunksie wat op skoolpersele gehou word mag slegs na sluitingstyd plaasvind.

15.2 Dit is verbode om alkoholiese drank gedurende skoolure te verbruik of verkoop.

15.3 In die geval waar alkoholiese drank verkoop word, moet die beheerliggaam of prinsipaal, wat ookal die geval mag wees, voldoen aan die ure wat deur die Dranklisensiëringstribunaal en toepaslike munisipale verordeninge van die streek opgelê is.

16. Beperkings

16.1 Geen alkoholiese drank mag geadverteer of vertoon word op enige deel van 'n skoolperseel nie.

16.2 Indien 'n skool enige van sy fasiliteite of 'n gedeelte daarvan aan 'n derde party verhuur, mag dit besluit om te stipuleer dat alkoholiese drank op daardie persele verkoop of nie verkoop mag word nie, of te bepaal op watter manier en vir watter tydperk die fasiliteite gebruik sal word. Indien alkohol verkoop gaan word, moet die persone aan wie die fasiliteite verhuur word, bewus gemaak word van die vereiste om 'n dranklisensie vir 'n geleentheid te bekom.

16.3 Ongeag paragraaf 16.2, mag 'n beheerliggaam of 'n prinsipaal onder geen omstandighede 'n gedeelte van die skool verhuur aan enige persoon wie se enigste doel is om alkoholiese drank te verkoop nie.

16.4 Geen alkoholiese drank mag verbruik of verkoop word gedurende die skool se sportaangeleenthede, bv. rugby, netbal, krieket, tennis, atletiek, ens., nie.

17. Opbrengs van verbruik of verkoop van alkoholiese drank

17.1 'n Beheerliggaam of 'n prinsipaal moet seker maak dat die opbrengs van 'n skoolaktiwiteit in die finansiële state van die skool weergegee word.

17.2 Die opbrengs wat uit die verbruik of verkoop van alkoholiese drank gemaak word, mag slegs gebruik word vir—

17.2.1 opvoedkundige doeleindes by of wat verband hou met sodanige skool; en

17.2.2 opvoedkundige doeleindes by of wat verband hou met 'n ander openbare skool, met die toestemming van sodanige ander openbare skool.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-10-11

JAARLIKSE AANSOEKVORM OM GOEDKEURING VIR TOELATING VAN DIE VERBRUIK OF VERKOOP VAN ALKOHOLIESE DRANK OP SKOOLPERSELE OF BY 'n SKOOLAKTIWITEIT EN DIE TEENWOORDIGHEID VAN LEERDERS WANNEER ALKOHOLIESE DRANK VERBRUIK OF VERKOOP WORD OP SKOOLPERSELE OF BY 'n SKOOLAKTIWITEIT

Die verbruik of verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by 'n skoolaktiwiteit, soos beoog in artikel 45B(4) van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) is onderworpe aan—

(a) die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) en enige voorwaardes opgelê ingevolge daardie Wet

(b) enige voorwaardes opgelê deur—

(i) die beheerliggaam;

(ii) die prinsipaal in die geval van 'n personeelfunksie; of

(iii) die Hoof van die Departement.

AANSOEK OM GOEDKEURING VIR TOELATING VAN DIE VERBRUIK OF VERKOOP VAN ALKOHOLIESE DRANK OP SKOOLPERSELE OF BY 'n SKOOLAKTIWITEIT MOET JAARLIKS GESKIED.

GOEDKEURING DAARVOOR IS BEPERK TOT BEPAALDE GELEENTHEDE SOOS IN BESONDERHEDE IN PARAGRAAF 1 VAN DIE AANSOEKVORM BESKRYF WORD.

GEEN ALKOHOLIESE DRANK MAG VERKOOP OF VERBRUIK WORD BY ENIGE SPORTAKTIWITEITE VAN DIE SKOOL NIE.

AANSOEKE MOET DIE KANTOOR VAN DIE DISTRIKSDIREKTEUR NIE LATER AS 31 OKTOBER VAN DIE VOORAFGAANDE JAAR WAARIN DIE BEOOGDE BEPLANDE AKTIWITEITE EN AANGELEENTHEDE SAL PLAASVIND, BEREIK.

Skool se naam:
……

Adres:
……
……

……
……

Telefoonnommer:
……

E-posadres:
……

Skoolstempel

A. AANSOEK OM GOEDKEURING VIR TOELATING VAN DIE VERBRUIK/VERKOOP VAN ALKOHOLIESE DRANK OP SKOOLPERSELE OF BY 'n SKOOLAKTIWITEIT

Moet deur die prinsipaal ingevul word in die geval van 'n personeelfunksie(s) en deur die voorsitter van die beheerliggaam in alle ander gevalle:

1. Spesifiseer die beraamde datum en soort funksie(s)/skoolaktiwiteit(e) of personeelfunksie(s) wat die skool beoog om te hou en waar alkohol verbruik of verkoop mag word:
   ……
   ……
   ……
   ……
   ……

2. Spesifiseer of die skool beoog om sy fasiliteite of deel daarvan aan 'n derde party uit te huur waar alkoholiese drank verbruik of verkoop mag word:
   ……
   ……
   ……
   ……
   ……

3. Doel van die skoolaktiwiteite/personeelfunksies?
   ……
   ……
   ……
   ……
   ……

4. Is 'n meerderheidsbesluit vir die verbruik en verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of by enige skoolaktiwiteit of skoolaktiwiteite wat op die skoolperseel gehou word, deur die beheerliggaam van die skool bekragtig?
   ……

5. Sal die skoolaktiwiteit/personeelfunksie/spesiale geleentheid voldoen aan die voorwaardes wat deur die Wes-Kaap Drankowerheid voorgeskryf is, waar van toepassing?
   ……

6. Is die plaaslike Suid-Afrikaanse Polisiediens ingelig oor die skoolaktiwiteit/personeelfunksie/spesiale geleentheid, waar van toepassing? ……..

7. Watter maatreëls is getref of sal getref word om seker te maak dat leerders nie by die plek waar alkoholiese drank verbruik of verkoop word, teenwoordig sal wees nie, tensy vergesel van 'n ouer of volwasse persoon wat genomineer is deur die ouer (in die omstandighede waar dit toegelaat word)?
   ……
   ……
   ……
   ……
   ……

   ***LET WEL: Geen leerder mag onder enige omstandighede ingaan by enige kamer of plek waar alkoholiese drank oor 'n toonbank verkoop word en waar maaltye nie in dieselfde kamer of plek bedien word nie.*

8. Watter veiligheidsmaatreëls is ingestel?
   ……
   ……
   ……
   ……
   ……
   ……

Prinsipaal se naam:

……

Handtekening: ……

Getuie: ……

Datum: ……

Voorsitter van beheerliggaam se naam:

……..

Handtekening: ……

Getuie: ……

Datum: ……..

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Kommentaar:……
……
……
……
……
……
……
……
……

Kringbestuurder: …….. **Datum: ……..**

Aansoek aanbeveel/Nie aanbeveel nie

Kommentaar:……
……
……
……
……
……
……
……
……

Distriksdirekteur: …….. **Datum: ……..**

Goedgekeur/Nie goedgekeur nie

VOORWAARDES:

1. Alkoholiese drank mag onder geen omstandighede verkoop word vir verbruik op of buite skoolpersele nie, behalwe streng ingevolge die nodige dranklisensie vir 'n geleentheid wat van die Wes-Kaapse Drankraad verkry is.

2. Geen alkoholiese drank mag gedurende sportgeleenthede van die skool, bv. rugby, netbal, krieket, tennis, atletiek, ens. verbruik of verkoop word nie.

3. Voldoen aan die verantwoordelikhede van 'n beheerliggaam en 'n prinsipaal met betrekking tot die verbruik of verkoop van alkoholiese drank soos uiteengesit in paragraaf 11 van die *Riglyne van die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die Verbruik of Verkoop van Alkoholiese Drank op Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit en die Teenwoordigheid van Leerders wanneer Alkoholiese Drank op Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit Verbruik of Verkoop word* (hierna as "die Riglyne" verwys).

4. Voldoen ten minste aan die veiligheidsvereistes soos uiteengesit in paragraaf 13 van die Riglyne.

5. Voldoen aan die vereistes aangaande die teenwoordigheid van leerders gedurende die verbruik of verkoop van alkoholiese drank soos uiteengesit in paragraaf 14 van die Riglyne.

6. Voldoen aan die vereistes aangaande die verbruiks- of verkoopsure van alkoholiese drank soos uiteengesit in paragraaf 15 van die Riglyne.

7. Voldoen aan die beperkings soos uiteengesit in paragraaf 16 van die Riglyne.

8. Voldoen aan die vereistes aangaande die opbrengs van die verbruik of verkoop van alkoholiese drank soos uiteengesit in paragraaf 17 van die Riglyne.

9. ANDER VOORWAARDES:

……..…
……..……
……..

HOOF: ONDERWYS: …….. **DATUM: ……..**

WESTERN CAPE
LIQUOR AUTHORITY

Event Liquor Licence

The process for applying for an event liquor licence is given below. Any person of 18 years and older that are not disqualified according to Section 35 of the Western Cape Liquor Act 4 of 2008 as amended can apply for an event liquor licence. Application forms and relevant liquor legislation are available on the Western Cape Liquor Authority website. You can also contact our office on (021) 204 9805 or (21) 204 9700 or email us on Liquor.Enquiries@wcla.gov.za for more information or advise.

(1) An applicant for an event liquor licence must lodge an application with the Authority, and a copy thereof with the designated liquor officer in whose area of jurisdiction the proposed licensed premises are located and with the municipality concerned.

(2) An application for—

(a) an event liquor licence must—

(i) be made at least 39 days before the date of the event;

(ii) be made in the form of Form 9 in Annexure 3;

(iii) be on A4-size standard white paper; and

(iv) contain the information as required in that form.

(3) An application for an event liquor licence must be accompanied by—

(a) a legible, comprehensive floor plan of the proposed licensed premises on standard white paper not exceeding A3 in size and clearly showing in contrasting colours—

(i) the proposed licensed premises in relation to the entire premises;

(ii) the dimensions of the proposed licensed premises;

(iii) the dimensions of each room on the proposed licensed premises;

(iv) the uses of all the rooms on the proposed licensed premises;

(v) all doors, windows and counters, where applicable, and means of internal and external access;

(vi) the streets and places to which such means of external access lead;

(vii) where liquor will be stored on the proposed licensed premises;

(viii) the areas on the proposed licensed premises where liquor will be sold in relation to the entire premises; and

(ix) the areas on the proposed licensed premises where liquor will be consumed in relation to the entire premises;

(b) a legible site plan of the proposed licensed premises on standard white paper not exceeding A3 in size and clearly showing in contrasting colours—

(i) in relation to the proposed licensed premises, an outline of every building on the erf to which the application relates and the uses of those buildings;

(ii) the relation of the proposed licensed premises to a residential area;

(iii) the relation of the proposed licensed premises to any institutions referred to in section 34(1)(e)(ii) to (v), with distances indicated in metres;

(iv) the relation of the proposed licensed premises to an undertaking referred to in section 41(1)(c)(i), with distances indicated in metres;

(v) other licensed premises on the erf; and

(vi) the date of preparation of and the name and address of the person who prepared the plan;

(c) an aerial view map showing the relation of the proposed licensed premises to a residential area;

(d) indexed colour photographs showing the completed internal and external features of the proposed licensed premises as indicated on the floor plan referred to in paragraph (a);

(e) in a separate document, a description of the premises, with reference to the construction, layout, furnishing, fixtures, fittings and floor covering;

(f) written representations in support of the application;

(g) proof of payment to the Authority of the application fee for an event liquor licence set out in Item 3 of Annexure 1;

(h) a certified copy of the—

(i) identity card or document of the applicant;

(ii) passport and visa or, where applicable, the permanent residence permit of the applicant, if the applicant is a foreigner; or

(iii) relevant registration documents, indicating the identity and, where applicable, the financial interest of all the members, directors, partners, beneficiaries or trustees of the applicant, if the applicant is a person other than a natural person;

(i) such other documents as may be specified on the application form and in the Act, or as may be requested by the Authority;

(j) an affidavit by the applicant that he, she or it is not disqualified in terms of section 35 from holding a liquor licence;

(k) proof that the applicant has lodged a copy of the application with the designated liquor officer in whose area of jurisdiction the proposed licensed premises are located and with the municipality concerned;

(l) proof of ownership of the proposed licensed premises or, if the applicant is not the owner

of the premises, written consent from the owner that the applicant may use the proposed licensed premises for the purposes of the licence applied for; and

(m) a nomination for the appointment of a manager in accordance with regulation 22.

(4) The designated liquor officer must, within five days after an application has been lodged in terms subregulation (1)*(a)* or *(b)*, as the case may be, serve a copy of his or her report referred to in section 73(7)*(a)* containing the information referred to in regulation 15(3)*(a)*(i) to (vi) and a recommendation contemplated in regulation 15(3)*(b)* on the applicant and lodge the report with the Authority together with proof that the report has been served on the applicant.

(5) The municipality concerned must, within eight days after the application has been lodged in terms of subregulation (1)*(a)* or *(b)*, as the case may be, forward the comments and documents referred to in section 40(2), if any, to the Authority and the applicant.

(6) If the designated liquor officer fails to lodge his or her report in terms of subregulation (5), the Chief Executive Officer may forward a copy of the application to an inspector with a written instruction to lodge a report containing the information referred to in regulation 15(3)*(a)*(i), (ii), (iii) and (v), a recommendation contemplated in regulation 15(3)*(b)* and, where available, the information referred to in regulation 15(3)*(a)*(iv) and (vi), in respect of the application concerned.

(7) An inspector must lodge his or her report with the Authority and forward a copy thereof to the applicant within two days of receipt of the instruction referred to in subregulation (7).

(8) If the municipality concerned does not forward comments and documents in terms of subregulation (6), the Chief Executive Officer must notify the municipality that the period referred to in subregulation (6) has lapsed and that the Presiding Officer may nonetheless proceed to consider the application made in terms of subregulation (1)*(a)* or *(b)*, as the case may be.

(9) The Authority must serve on the applicant copies of any objections or representations lodged with the Authority in respect of an application made in terms of subregulation (1)*(a)* or *(b)*.

(10) The applicant must, within ten days of lodgement of an application in terms of subregulation (1)*(a)* or *(b)*, lodge with the Authority his, her or its response to—

(a) a report by the designated liquor officer contemplated in subregulation (5) or by an inspector contemplated in subregulation (8);

(b) comments and documents, if any, forwarded by the municipality;

(c) any objections or representations that may have been lodged with the Authority if the

objections or representations so lodged were served on the applicant within eight days of lodgement of the application.

(11) The Presiding Officer may, within three days of receipt of the applicant's response contemplated in subregulation (11), or if no response was received, within three days of the day on which the response of the applicant was due in terms of subregulation (11), request additional information as referred to in section 48(9) from the applicant.

(12) The applicant must furnish the Authority with the additional information within three days of being requested to do so.

(13) An application for condonation in terms of section 48(10) must be lodged with the Authority in the form of Form 12A.

(14) An application contemplated in subregulation (14) must be accompanied by—

(a) the application in terms of subregulation (1)*(a)* or *(b)*, as the case may be, in respect of which condonation is applied for;

(b) written representations in support of the application; and

(c) proof of payment to the Authority of the penalty referred to in section 48(10).

(15) The Presiding Officer must either grant or refuse an application made in terms of subregulation (1)*(a)* or *(b)*—

(a) within 19 days of the date of lodgement of the application; or

(b) in the case of an application for condonation in terms of subregulation (14), on the day on which the application for condonation is granted.

(16) The Authority must, on the day following the day contemplated in subregulation (16) notify the applicant and each person who lodged a written objection or representations in respect of the application with the Authority in writing of the decision.

(17) If the application made in terms of subregulation (1)*(a)* or *(b)* is granted—

(a) the applicant must, on the day contemplated in subregulation (17), pay the fee set out in Item 5 or 6 in Part A of Annexure 2, as the case may be, to the Authority and lodge proof of the payment with the Authority; and

(b) the Authority must, within one day of receipt of proof of the payment referred to in paragraph *(a)*, issue a licence, in the form of Form 10 or 11 in Annexure 3, as the case may be.

(18) Before the Presiding Officer issues a notice in terms of section 48(13), the Authority must serve on the holder of the licence copies of any report, complaint, referral or representations contemplated in section 48(14) together with a notice in the form of Form 12B in Annexure 3 setting out:

(a) the action which the Presiding Officer proposes to take in terms of section 48(13);

(b) the nature and purpose of the proposed action;

(c) the right of the holder of the licence to make representations within the period stipulated in the notice;

(d) the right of the holder of the licence to appeal or apply for the review of any decision of the Presiding Officer.

(19) The Presiding Officer must, on the expiry of the period referred to in the notice, consider and decide on the proposed action to be taken.

(20) The Authority must, on the day that the Presiding Officer takes a decision as contemplated in subregulation (20)—

(a) notify the holder of the licence, the Chief Executive Officer and each person who lodged a report, complaint, referral or representations contemplated in section 48(14) with the Authority in writing of the decision; and

(b) if the decision is to take any action in terms of section 48(13), deliver or tender the notice referred to in section 48(13) to the holder of the licence.

For more information contact us on:

Tel: (021) 204 9805 or (021) 204 9700

Email: Liquor.Enquiries@wcla.gov.za